

Die Redakteurs, Beeld en Rapport. NG Kerk Predikante, gemeentelede asook verskeie ander belanghebbendes.

Deur Danie Strydom. Gedateer 2007-07-07

Die spreekwoordelike Trojaanse perd en die NG Kerk.

Die berigte, briewe en besluite ten opsigte van 'n sekere morele inklinasie, wat die NG Kerk se Algemene Sinode sitting van 2007 voorafgegaan het en daarna, het betrekking. Die grondslag vir die finale besluit oor homoseksualiteit is geplavei nie net die afgelope paar weke nie, maar dit kom al sedert 2002. Die NG Kerk het nou besluit 2007-06-08, dat die Woord van God nie sentraal is in hulle handel en wandel met God nie.

Dit is duidelik dat die bakens verskuif is van redelike hermeneutiek (Skrifuitleg) tot baie swak hermeneutiek. Professore van vooraanstaande teologiese fakulteite plaas hul handtekeninge op 'n dokument wat vra dat daar teen die gesag van die "Woord" van die Here in beweeg word deur te eis dat openlik homoseksuele predikante toegelaat moet word op die kansel. Duidelik weet hulle nie van beter nie omdat hulle reeds die gesag van die Woord van die Here ondermyn het. Nog erger, die wat van beter weet en toelaat dat hulle dit doen en daarmee wegkom is nog meer aanspreeklik.

Wat vir 'n voorbeeld is dit vir die gewone lidmaat wat hard werk en dan maar net in die kerk se banke wil gaan sit en 'n bietjie verademing ontvang vir 'n moeë siel.

Daar is geen onderskeiding nie. Dit nie net van die universiteite se kante af nie maar ook uit die kerk se gelede as ons die 2 keuses beoordeel wat voor die sinode gestaan het na "deeglike" oorweging deur die taakgroep oor homoseksualiteit. Nie eers die 2 de keuse sou staan voor die Skrif, wat hulle hulle so gereedlik op beroep nie.

Die gesagsliggaam van die NG Kerk het gepraat, 299 teenoor 66, so wat staan die lidmate wat nou uitgelewer is te doen?

2 Timotheus 4:1 Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:

2 Timotheus 4:2 verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;

2 Timotheus 4:3 want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,

Om te dink jy stel voor dat mense nagmaal gebruik sonder om sonde te bely en daarvan weg te keer!

1 Korintiërs 11:29 Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

1 Korintiërs 11:30 Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

1 Korintiërs 11:31 Want as ons onself beoordeel het, sou ons nie geoordeel word nie.

Wat het geword van:

Jesaja 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

1 Korintiërs 6:18 Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.

As jy as kerk nie eers meer vir mense kan sê dat sonde, sonde is nie, dan is jy mos maar net soos die wêreld.

Wie sal tog opstaan vir ons arme volk, dit is duidelik dat die wat veronderstel is om dit te doen nie gaan nie! Die **Trojaanse perd** is binne in die midde. Die vyand is binnegenooi en het reeds ontplooi. Dit het egter al oor 'n paar jaar plaasgevind en het nie oornag gekom nie. Ek en ander het al gewaarsku maar dit was in die wind geslaan! Dit dui verder op die verval van die NG Kerk se stand as kerk. Immoraliteit was dit waarvan die Here Israel beskuldig het toe hulle weg van Hom af gegaan het, dit in geen onduidelike taal nie.

Numeri 14:33 En julle kinders sal soos herders rondtrek in die woestyn, veertig jaar lank, en sal so die gevolge van julle hoerery dra totdat julle lyke in die woestyn verteer is.

Hosea 4:12 My volk raadpleeg sy hout, en sy staf moet hom die inligting gee; want 'n gees van hoerery het hulle verlei, en deur hulle hoerery het hulle van hul God afvallig geword.

Hosea 5:4 Hulle dade gedoog geen terugkeer tot hulle God nie, want daar is 'n gees van hoerery in hulle binneste, en hulle ken die HERE nie.

Professore van 'n teologiese fakulteit word vrygespreek van dwaalleer op grond van die NG Kerk se Sinode se toegewing dat hulle krities-teologiese (geloofs) verantwoording mag beoefen, alhoewel dit nie spesifiek toepaslik was op die professore se aanklagte nie maar tog toelaatbaar deur die kommissie bevind. Dit terwyl die bewys daar is dat hulle die gesag van die Skrif ondergrawe en wel skuldig sou wees as die kommissie se bevinding objektief en Skrifgetrou was. Wil u nou vir my sê dat die Sinode bedoel het dat sekere fundamentele Skrifbeginsels bevraagteken mag word? As ek kyk na die toelating van immoraliteit na die Algemene Sinode Sitting van 2007 kan ek dit dalk glo.

Een voorbeeld uit die stukke van die kommissie se ondersoek en bevinding van Prof Julian Müller:

“Die kommissie het in die aanhoor en bestudering van die klagte en die verweer, deurlopend rekening gehou met die besluite van die Algemene Sinodes (1998, 2000,2002) rakende Die gesag van die Skrif en die Belydenisskrifte as historiese dokumente.

Selfs 'n oorsigtelike “lesing” van die Algemene Sinode se besluite, waarna hierbo verwys is, toon dat die Sinode hom geroepe gevoel het om in die tyd waarin ons leef die weg van openhartige kritiese debat oor geloofsake te volg (Sien byvoorbeeld besluite 4 en 8 in Sinodale besluiteregister (www.nedgereferk.org) en ook besluite 3 en 4 van die Algemene Sinode van 1998, Handeling, p. 517).

Bloot hieraan geoordeel het die kommissie eenparig geoordeel dat prof Müller - in dit wat die klaers hom ten laste lê - binne die gees en letter van die tersaaklike Sinodale besluite opgetree het.

Die kommissie is van oordeel dat prof Müller in sy taak as teoloog hom kan beroep op die uitsprake van die Algemene Sinode. Dit is duidelik dat die Sinode in sy uitsprake oor skrifgesag en belydenisskrifte 'n brug bou tussen “die tradisie” en “kritiese geloofsverantwoording.” Die kommissie is van oordeel dat dit presies is wat prof Müller probeer

doen. Prof Müller sien sy eie teologiese posisie, wat hy as “**post-fundamenteel**” beskryf, as een waarin sowel **fundamentalistiese teologie as relativistiese teologie vermy word.**”

In kort ‘n liberale “**post-fundamentele**” teoloog, in sy eie woorde. Dit beteken in kort volgens hom, “**(Die fundamentele beginsels van die Bybel is verby)**”, die mense wat die akademiese pad aandui vir die kerk, asseblief, wie bluf julle! Hy is nie die enigste nie!

Die tiendes van die NG Kerk lidmate subsidieer gedeelte van hul salaris en die Kuratorium van die NG Kerk van Transvaal is toe deel van die NG Kerk liggaam as u dalk gewonder het!

Watse skuiwergat is hier nie geskep deur die Sinode rondom homoseksualiteit nie. Nog erger, blatante verwerping van die gesag van die Woord van die Here.

Dit gaan harde werk vat om daarvan ontslae te raak. As ek na die patetiese poging van die kerk se kant af kyk kan ek duidelik sien vanwaar die poging nie gaan kom nie! Dit het die Algemene Sinode ook nou vir ons gewys. Dit het dalk tyd geword om die NG Kerk shaloom toe te roep en te gaan. Daar is sekerlik darem nog die 3000 wat die knieg voor Baal nie gebuig het nie! Onder hulle sal ons dalk nog ‘n predikant of twee kry wat nie vasgehou word deur ‘n struktuur nie en wat na die Here sal luister as Hy praat. U sien, wat ons nodig het is herders wat vir die Here luister en nie wolwe in skaapklere is nie.

Ek hoop tog nie dat die Here klaar is met ons, soos Hy klaar was met Israel en selfs later Juda nie. Moet tog nie dink dat dit nie op ons van toepassing is nie omdat dit in die Ou Testament opgeteken is nie.

2 Timotheus 3:16 Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, 2 Timotheus 3:17 sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling?

1 Johannes 4:6 Ons is uit God; hy wat God ken, luister na ons; hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling.

Beywer julle dat julle **vlekkeloos en onberispelik** voor Hom bevind mag word in vrede!

2 Petrus 3:14 Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede.

2 Petrus 3:15 En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het,

2 Petrus 3:16 net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf.

2 Petrus 3:17 Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op jul hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit jul eie vastigheid nie.

2 Petrus 3:18 Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen.

Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang!

Romeine 1:22 Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword
Romeine 1:23 en die heerlijkheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.
Romeine 1:24 Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer

Romeine 1:25 hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gendien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.
Romeine 1:26 Daarom het God hulle oorgegee aan skandelijke hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;
Romeine 1:27 en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang.
Romeine 1:28 En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie:
Romeine 1:29 hulle is vervul met allerhande ongeregtigheid, hoerery, boosheid, hebsug, ondeug; vol nydigheid, moord, twis, bedrog, kwaadaardigheid;
Romeine 1:30 nuusdraers, kwaadsprekers, haters van God, geweldenaars, trotsaards, grootpratery, uitvindery van slegte dinge, ongehoorsaam aan die ouers;
Romeine 1:31 onverstandig, ontrou, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, onbarmhartig,
Romeine 1:32 mense wat al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.

Sou dit moontlik wees dat God die Kerk wat **goedkeuring skenk** aan hierdie tipe gedrag, dalk oorgegee het aan die dwaling!

1 Konings 22:23 En nou, kyk, die **HERE** het 'n leuengees in die mond van al hierdie profete van u gegee, en die **HERE** het onheil oor u gespreek.

Kan dit wees dat die Here self die misleiding oor die Kerk stuur as ons weier om te luister? Die Woord van God wys duidelik dat dit moontlik is. Die wolwe in skaapklere sal natuurlik anders redeneer en die Skrif nie getrou uitlê nie.

Die ironie is dat Agab 'n keuse gehad het om na Miga te luister voordat hy sou voortgaan. Die Kerk het nie na die Miga's geluister nie en verseg steeds om te luister!

Die Here waak oor Sy Woord, wees gewaarsku.

Hoe kon ons tot hierdie laagtepunt in die geskiedenis van die NG Kerk kom?

Dit het waarskynlik te doen met die tipies "**Hiper Calvinistiese**" **hermeneutiek** wat grotendeels beoefen word asook "**post-fundamentele**" teologie soos reeds gewys of anders gestel, krities-teologiese (geloofs) verantwoording.

Die verkeerdelike aanname dat as jy gedoop is dat jy in die verbond is, ly tot 'n waansinnige toelaat van sekere dinge wat mense, wat gedoop is, doen wat openlik sonde is. Die feit dat mense gedoop is en sê dat hulle glo gee hulle nou carte blanche. Dit word gedoen tot so mate dat die voortbestaan van

die kerk bedreig word, in die naam van liefde. Hierdie liefde wat hulle so geredelik aanhaal is beslis nie “Agapé” nie maar toe eerder “Phileo” of selfs “Eros” en dit ook maar op ‘n verwronge manier.

Die probleem is nie tug, liefde of liefdeloosheid nie, soos u kan sien is dit baie dieper gesetel as dit.

1 Korintiërs 5:9 Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie--

1 Korintiërs 5:10 dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan—

1 Korintiërs 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

Die tipe hermeneutiek wat deur hulle toegepas word maak dat die Woord van die Here afgewater en verkeerdlik toegepas word. Kan jy glo dat die betekenis van die Woord van die Here verander word om mense te pas en dit deur mense wat darem veronderstel is om opgelei te wees in die hantering van die Woord van die Here soos 'n Paulus van ouds.

Verder sit ons met die probleem van eenkeer gered altyd gered. Dit is nie Skriftuurlik nie en dit veroorsaak oorgerustheid by mense, nie dat ek twyfel oor die sekerheid wat ons kan hê oor ons redding nie. Dit moet egter Skriftuurlik wees en verkeerde hermeneutiek maak dat ons nie kan sien wat die Skrif sê oor hoe versigtig ons moet wees nie, veral in die laaste dae. Die wedloop waarvan Paulus praat moet voltooi word. Die waarskuwing van die 10 maagde word in die wind geslaan asook die dringende waarskuwing van die Here self in Mattheus 24, ten opsigte van misleiding wat veral sal dui op die terugkeer van die Here.

Mattheus 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.

Die hermeneutiek nou weer! Daar is geen diepte in eskatologie (Leer oor die Laaste Dae), pneumatologie (Leer met betrekking tot die Gees van God en Sy Werking) en soteriologie (Leer rondom Verlossing) nie, so wat het ons dan nou? Dalk 'n gewete wat gebrandmerk is, waarvan apartheid sekerlik 'n bewys was. Daar word nie vir die Gees van God geluister nie, so hoe sal jy dan voorberei wees vir die Here se terugkeer? Hoe word mense voorberei vir die grootste aanslag ooit op die Christendom? Stelselmatig is ons al hoe verder weggelei van die Woord van die Here en die sluier sak al hoe meer. Is die beste verweer Rick Warren, Joyce Meyer en kie?!

Sekerlik is die beste verweer deeglike studie van die Woord van God en terugkeer na Hom. Dit is veronderstel om van die leiers af deur te suur.

Dit blyk vir my dat ons verby die punt is om skoon te maak en die suurdeeg uit te gooi. Die verkeerde suurdeeg is nie verwyder nie en dit blyk nou dat die hele spul weggegooi moet word as gevolg van die invloed.

Mattheus 16:6 Daarop sê Jesus vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en Sadduseërs.

Mattheus 16:12 Toe het hulle begryp dat Hy nie gesê het dat hulle moes oppas vir die suurdeeg van die brood nie, maar vir die leer van die Fariseërs en Sadduseërs.

Die Here kom:

Openbaring 16:15 Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop en hulle sy skaamte sien nie.

Openbaring 22:18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Openbaring 22:19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Dit is groot woorde om te sluk as baie mense nie eers verstaan dat jy tog weg van God kan opeindig as gevolg van wat jy doen nie, al het jy Hom geken! Geloof moet tog oorgaan in dae nie waar nie. Dit moet dan tog sekerlik dae wees wat pas by 'n Christelike lewenswandel en geloof.

Jakobus 2:17 Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood.

Openbaring 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dae van die heiliges.

Die teorie moet reg wees vir die praktyk om korrek te wees. Hierdie tragiese toepassing in die praktyk sê presies hoe die NG Kerk sê teorie daaruit sien. Die teorie suur goed deur van die universiteit af. Coenie Burger se artikel in, Godsdienst-aktueel, van Beeld, Maandag 11 Junie 2007 het 'n opskrif wat lees; " **Gay-debat wys kerk se karakter!** Kan ek meer sê!

Die pers staan midde in hierdie debakel met groot aanspreeklikheid ten opsigte van wat hulle publiseer en wat nie. Dit het vir my gelyk asof daar baie pro homoseksuele berigte geplaas is eerder as andersom. Dit is te betwyfel of daar geen ander ordentlike berigte was wat werklik die korrekte perspektief wys nie. Die media kan beslis nie die skuld dra vir die roete wat die kerk besluit het om in te slaan nie, maar die berigte en artikels wat geplaas was veral rondom hierdie kwessie het met tye selfs 'n hele bladsy beslaan onder andere Pik Botha se relaas daarvoor. Hy het beslis pro homoseksueel betoog en sy verwysing na die wetenskap is maar bra swak. Daar was vele meer. Laurie Gaum se "Geskape na God se beeld" Beeld Vrydag 15 Junie 2007, deur Neels Jackson, weereens 'n volle bladsy van sy storie. Ag ek wens dat hy hom net sal bekeer en God aanroep!

Ek wil beslis nie die gevoel laat ontstaan dat ek iets het teen homoseksuele mense nie of myself hoogheilig hou nie. My oproep is "**Sola Scriptura**", die woord van die Here en die Woord van die Here alleen! Die liefde wat ek na wys is goddelike liefde, "**Agapé**". Hoe kan jy sê jy is lief vir iemand en jy vertel hom nie die waarheid nie? My betoog is nie emosioneel van aard nie en ek doen 'n beroep op aanwending van breinkrag asseblief! Die meeste van ons kan darem Afrikaans lees.

Mattheus 24:12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel.

Weereens "**Agapé**" wat sal verkoel. Sou mens kon redeneer dat die wêreld "**Agapé**" het, sekerlik nie!

Dan die ware perspektief van die liefde!

2 Johannes 1:5 En nou bid ek u, uitverkore vrou, nie asof ek u 'n nuwe gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: dat ons mekaar moet liefhê.

2 Johannes 1:6 En dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooië. Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel.

2 Johannes 1:9 Elkeen wat 'n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.

2 Johannes 1:10 As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie.

Wanneer iemand nie meer luister na mooi opbouende Christelike dialoog nie:

1 Korintiërs 5:11 maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie.

Judas 1:23 maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde beplek is.

Dat die Afrikaner volk in ballingskap verkeer behoort redelik duidelik te wees, indien iemand ernstig die bestaande situasie in ons land krities beskou. Sou dit waar wees van die voorafgaande teologiese afwykings, behoort dit tog duidelik te wees waarom dit heelwaarskynlik moontlik is. Die kerk wat die pas moes aangee in ons land was toe heeltemal te betrokke by die politiek, eerder as om eerlik voor God met die Skrif besig te wees. Hulle moes aandui wat God werklik sê rondom hoe die praktyk moet lyk. Hier is dit sowaar weer so! Leer ons nie meer uit die verlede nie? Behalwe natuurlik as jy nie bang is jy kan weg van God af opeindig al het jy die gawe van God ontvang volgens Hebreërs 6.

Hebreërs 6:4 Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het,

Hebreërs 6:5 en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld,

Hebreërs 6:6 en afvallig geword het--om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.

Dink u dis toevallig dat die JG Strijdom Monument 40 jaar nadat ons 'n Republiek geword het, op 31 Mei 2001, inmekaar getuimel het! Dit nogal 40 jaar op die dag na! Dit is heelwaarskynlik die laaste profetiese waarskuwing aan die NP en die NG Kerk gewees. Die NP bestaan reeds nie meer nie, wat sal word van die NG Kerk as hy hom nie bekeer nie! Na hierdie afgelope gebeure dink ek dat die skrif aan die muur is. Daar is 'n ou NG Kerk in **Kerkstraat** in Pretoria-wes wat omgeskakel word in 'n moskee. Wat 'n tragedie!

Jeremia 14:17 Sê aan hulle dan hierdie woord: Laat my oë afloop in trane nag en dag en nie ophou nie; want die jonkvrou, die dogter van my volk, is gebreek met 'n groot verbreking, met 'n baie smartlike wond.

Jeremia 14:18 As ek uitgaan in die veld, lê daar die wat verslaan is deur die swaard; en as ek kom in die stad, is daar die kwale van die hongersnood. Ja, selfs profeet en priester trek rond in die land sonder om iets te weet.

Sal ons soos 'n volk van ouds terugkeer na die Here of nie?!

Jeremia 14:20 HERE, ons ken ons goddeloosheid, die ongeregtigheid van ons vaders, want ons het teen U gesondig.

Sal jy met 'n skoon gewete iemand net kan los, sonder om iets te sê. Ek kan nie. My gewete is nie gebrandmerk nie!

Ek doen 'n beroep op ware gelowiges om in beweging te kom. Maranata.

NG Kerk in Pretoria-Wes word 'n moskee! Is dit hoe die son sak oor die NG Kerk?



Skakel na nog foto's: <http://www.lifestylec.com/relevant-critique.asp>

Sel: 082 779 2431 / Faks: 086 537 7777 / E-pos: daniestrydom@lifestylec.com / Web: <http://www.lifestylec.com>